# Graad 1 - 4
# Jaar 4

# Werkboek

**Hoe om die lesse te gebruik.**

Lesse is volgens CUM se kinderbybel uitgewerk. Daar is met opset nie ‘n handboek nie, want die Bybel is die handboek. Die droom is dat elke kind sy eie Kinderbybel het. Ons werk oor ‘n tydperk van 4 jaar deur die Bybel.

Ons probeer:
hulle leer om die Bybel te hanteer,
‘n liefde vir die Bybel ontwikkel,
dat hulle leer om die Heilige Gees kans te gee om hulle lewens deur die Bybel te verander.
dat hulle die Bybel, saam met die Heilige Gees, as gesag in hulle lewens aanvaar,
dat hulle na 4 jaar die Bybel in verhaal vorm kan oorvertel.

Die inhoudsopgawe het ‘n *Bybelprente-bladsynommers*- en ‘n *Prente-Nommer-op-plakkaat* kolom. Sommige gemeentes maak vir hulle plakkate van die Bybelprente wat in die *Bybelprente-bladsynommers* kolom aangedui word. Kontak gerus vir CUM en vetrel hulle dat julle hulle Bybel vir julle kinderlesse gebruik. Hulle het my destyds toestemming gegee om afdrukke van hulle prente te maak, so ek dink nie hulle sal ‘n probleem daarmee hê nie. Hierde plakkaat word dan gebruik wanneer die kinders die verhale in volgorde oorvertel. Deur na die prente te kyk, help dit hulle om te onthou. Vir die kleintjies is dit soms pret om vir hulle ouers te wys dat hulle dit ken. Julle kan dalk kwartaalliks die ouers nooi om te kom kyk.

Jy sal ook sien dat daar bo aan die lesse *Kolle vir die register* geskryf staan. Sommeige gemeentes hou ‘n bywoningsregister. Hulle print die kinders se name onder mekaar, met kolomme langsaan vir elke geleentheid wat daar ‘n les gaan wees. Hulle koop dan kolle aan wat die kind elke keer langs sy naam kan plak as hy daar is. Sommige gemeentes lamineer ‘n A3 papier met slegs kolomme op. Hulle koop dan verskillende kleure afveebare koki’s aan. Hulle skryf die kinders se name op en elke week kry die kind ‘n geleentheid om ‘n kol langs sy naam te gaan maak. Op hierdie wyse kan hulle die bywoningsregister jaarliks hergebruik.

Daar is ook ‘n geleentheid om die *Bybel-boek-naam-liedjie* te oefen. Daar is verskillende kunstenaars met liedjies wat kinders help om die Bybelboekname aan te leer, byvoorbeeld Jan de Wet en die Ioflaaities en Soekie&Radikids.

Die lesse het inkleurprente aan die einde, maar daar word nie in die lesse daarna verwys nie. Dit is ‘n opsie wat julle tydens die lesaanbiedings kan gebruik. Soms deel die aanbieder die prente aan kinders uit wat nog baie klein of steurend is, sodat dit hulle besig hou terwyl die les aangebied word.

Ek hoop julle het baie pret met die lesse. Daar is geen kopiereg op nie, so gebruik dit asseblief met groot vrymoedigheid. Bebruik dit net so, gebruik dit vir inspirasie, pas dit aan, maak dit beter, kry beter prente... Moet dit asseblief net nie aan ander mense verkoop nie. Ek het nie ‘n probleem daarmee as julle byvoorbeeld drukkostes verhaal nie, maar die lesmateriaal moet asseblief altyd gratis beskikbaar wees. Jammer vir enige spel en taalfoute. Ek het ongelukkig nie die finansies om dit ordentlik te laat proeflees nie. Laat weet my groot asseblief wanneer jy op foute afkom, sodat ek dit kan regmaak.

**Inhoud**


| | | |
|---|---|---|
| Les 1 | Wat gaan ons die jaar doen? | |
| Les 2 | Wysheid word beloon. | Bl. 306 |
| Les 3 | Maria se Liefdesdaad. | Bl. 306&307 |
| Les 4 | Die Groot Optog & Jerusalem! Jerusalem! | Bl. 308&309 |
| Les 5 | Die Reiniging van die Tempel. | Bl. 310 |
| Les 6 | Hersiening. | |
| Les 7 | Genesing in die Tempel. | Bl. 311 |
| Les 8 | Wie het die Meeste gegee? | Bl. 312&313 |
| Les 9 | Die Vyf Onverskillige Meisies. | Bl. 314&315 |
| Les 10 | Die Paasmaal word Voorberei - Die Rede Waarom. | Bl. 318 - 321 |
| Les 11 | Hersiening. | |
| Les 12 | Die Nagmaal van die Here. | Bl. 322&323 en 66&67 |
| Les 13 | Wanneer die Haan kraai. | Bl. 324 |
| Les 14 | Verraai deur ‘n soen - Jesus word gevange geneem. | Bl. 328 - 331 |
| Les 15 | Petrus se Groot Fout. | Bl. 332 - 333 |
| Les 16 | Hersiening. | |
| Les 17 | Jesus en Pilatus - Jesus aan die Kruis. | Bl. 334 - 343 |
| Les 18 | Die Dood van Jesus - Die Begrafnis | Bl. 346 - 351 |
| Les 19 | Leë Graf | Bl. 354&355 |
| Les 20 | Maria Magdalena Sien Jesus | Bl. 356&357 |
| Les 21 | Hersiening. | |
| Les 22 | Die Verhaal van Tomas - Het Jy My Regtig Lief? | Bl. 360 - 363 |
| Les 23 | Huis toe na die Vader toe. | Bl. 364&365 |
| Les 24 | ‘n Tyd van Wag - Die Helper. | Bl. 366&367 |
| Les 25 | Genesing en Lering - Petrus en Johannes Kry Probleme. | Bl. 368&369 |
| Les 26 | Hersiening. | |
| Les 27 | Stefanus is nie Bang nie. | Bl. 372&373 |
| Les 28 | Die Laken vol Diere - Goeie Nuus vir Elkeen. | Bl. 376 - 379 |
| Les 29 | Die Pad na Damaskus&Paulus as ‘n Prediker. | Bl. 374, 375 & 383 |
| Les 30 | Besondere Boodskappe. | Bl. 397&398 |
| Les 31 | Hersiening. | |

**Les 1**
**Wat gaan ons die jaar doen?**

1. Administrasie
Maak asseblief seker die kerkkantoor kry ‘n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Dink- en raaispeletjie
Aan die einde van die les is ‘n blad met verskillende prentjies op. Maak ‘n afskrif daarvan. Plak dit teen die muur of hou dit op sodat die kinders dit kan sien.
Elke kind kry ‘n beurt om na die blad te kyk en een prentjie te kies waar oor hy/sy dink.
Die res van die klas moet raai aan watter prentjie die kind dink.
Hulle mag nie uitskree nie, maar moet dit in sy/haar oor gaan fluister en hy/sy sê dan of dit reg of verkeerd is.
Verduideliking:
Ons gaan hierdie jaar elke Sondag bymekaar kom om saam te dink.
Wie kan raai waaroor ons gaan dink?     Oor die Bybel.


Die wonderwerkspeletjie
Neem ‘n stuk krag- of rekenaardraad (van ‘n rekenaar/ketel/skeermes…) saam klas toe.
Gee vir elke kind ‘n kans om ‘n “stout” kind te wees.

> Die klas sê vir die kind: “Goeiedag. Gaan dit goed met jou?”
> Die kind reageer met: “Bly stil! Julle is dom!”
> Jy reageer deur te sê: “Dit lyk my jy het ‘n wonderwerk nodig. Kom hier sodat jy bietjie oor die Bybel kan dink.”
> Jy neem ‘n Bybel en maak of jy die krag-/rekenaarkabel by die rekenaar inprop en die ander punt by die kind se kop inprop.
> Jy sê dan: “Kom ons probeer nou weer vir hom/haar groet.”
> Die klas sê weer: “Goeiedag. Gaan dit goed met jou?”
> Die kind reageer deur te sê: “Ja, baie dankie en met julle.”

Verduideliking:
Wanneer ‘n mens oor die Bybel dink, gebeur daar ‘n wonderwerk.
Wanneer ons oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die lelike dinge in ons lewens uit te vee en help Hy ons om die mooi dinge, wat in die Bybel staan, te begin doen.
Ons gaan elke Sondag oor ‘n ander Bybelverhaal dink.
Ons gaan probeer om 25 van hulle uit ons koppe te ken en in volgorde op te sê.
Die gr. 2’s het laas jaar reeds 25 geleer en gaan hierdie jaar nog 25 by leer. Die gr. 3’s ken al 50 en die graad 4’s ken al 75. Aan die einde van die jaar gaan hulle ‘n 100 Bybelverhale ken!
Elke week gaan ons ook oor een van die Bybelverhale dink, sodat Jesus Sy wonderwerk met ons kan doen. Wie kan nog onthou wat hierdie wonderwerk is? Wanneer ons oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die lelike dinge in ons lewens uit te vee en help Hy ons om die mooi dinge, wat in die Bybel staan, te begin doen.

*Dink oor die Bybel* plakaat
Aan die einde van die les is ‘n *Dink oor die Bybel* plakaat. Indien jy nog nie een in jou klas op het nie, maak ‘n afskrif en plak dit, vir die hele jaar lank, teen die muur.
Wys vir hulle hoe die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.
Verduidelik dat die prent hulle elke week gaan herinner wat hulle moet doen.
Teen die einde van die jaar wil ons graag hê dat hulle ook by die huis begin het om oor die Bybel te dink.

**Wanneer ek oor die Bybel dink, verander Jesus my, sodat ek ophou om ander mense seer te maak.**











JAGUAR

**Les 2**
**Kinderbybel bladsy 306**

Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

Wie hou van stories?
Vra vir die kinders wie van hulle van stories hou.
Lees mamma of pappa vir hulle stories en is daar dalk stories op die TV of flieks waarvan hulle hou?
Leer sommige van hierdie stories vir 'n mens iets?
Jesus het ook stories vertel en Sy stories leer altyd vir 'n mens iets. Ons gaan nou een van Sy stories lees.

Lees die Bybel.
Laat ál die kinders hulle Kinderbybels oop maak op bl. 306. Onthou dat een van ons uitkomste is om die Bybel gesaghebbend in ons kinders se lewens te maak. Dit is dus van uiterste belang dat élke kind sy eie kinderbybel het en dat elkeen, self in sy eie kinderbeybel kyk terwyl jy die storie lees. Selfs die kleintjies wat nog nie kan lees nie, moet hulle Bybels oop hê en na die prentjies kyk. BAIE BELANGRIK!!! Hier moet ASSEBLIEF GEEN kompromie aangegaan word nie. ASSEBLIEF!!!
Lees die volgende vrae vir die kinders. Verduidelik dat jy, nadat jy gelees het, die antwoorde op die vrae wil hê.
Wie het op 'n lang reis gegaan?
Wat het hy gedoen voor hy op reis gegaan het?
Vir hoeveel slawe het hy iets gegee?
Wat het hy vir hulle gegee?
Wat het een van die slawe gedoen wat nie 'n goeieding was nie?
Wat het hy gedoen toe hy van sy reis af terug kom?
Lees nou die storie vir die kinders.
Vra nou weer die vrae vir hulle en kyk of hulle die antwoorde ken.

Tevrede-aktiwiteit.
Aan die einde van die les is 'n bladsy met prentjies van lekkers. Knip hulle uit.
Indien jy geld het om eerder 'n regte pak lekkers te koop, sal die aktiwiteit sy doel nog beter bereik.
Gee vir een kind 'n lekker. Vra vir hom/haar of hy/sy bly is oor sy lekker.
Gee nou vir die kind langs hom/haar twee lekkers. Vra nou vir die kind, met die een lekker, of hy/sy nog steeds bly is oor sy lekker. Vra vir die kind, met twee, of hy/sy bly is oor sy/haar lekkers. Gee nou vir die derde kind drie lekkers… Jy kry die idee.
Daar behoort van die kinders te wees wat baie ongelukkig raak omdat die ander kinders meer lekkers kry.
Vra vir die kinders waarom hulle aan die begin tevrede was met hulle aantal lekker, maar later nie meer nie. Wat het verander?
Verduidelik aan die kinders dat hulle ontevrede geraak het omdat hulle hulle aantal lekkers met die kinders om hulle begin vergelyk het. Ons is almal so. Ons is tevrede met wat ons het totdat ons sien dat ander mense meer het as wat ons het. Vra vir die kinders wie van hulle die tien gebooie ken. Wie ken die tiende gebod. Jy mag nie begeer nie. Dit beteken jy mag nie so graag ander mense se goed wil hê dat jy ongelukkig raak of selfs lelik raak met hulle nie.
Vra vir die kinders of daar kinders is, wat hulle ken, wat goed het wat hulle graag sal wil hê. Wat van talente, soos om vinnig te kan hardloop of wat beter as hulle op skool doen? Is almal van hulle tevrede hoe hulle lyk of sou hulle anders wou gelyk

het?

Die tiende slaaf.
Vra vir die kinders waarom hulle dink die een slaaf eerder sy geld begrawe het?
Was hy dalk bang om dit te gebruik, want hy was bang hy verloor dit?
Was hy dalk bang hy kan nie, soos die ander, ‘n goeie besigheidsman wees en meer geld maak nie?
Dink hulle hy sou dieselfde gedoen het as hy die enigste slaaf was en as net hy geld gekry het?

Ons het oor die Bybel gedink.
Verwys na laas week se prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink.
Verduidelik aan die kinders dat dit presies is wat ons vandag gedoen het. Ons het oor ‘n storie gedink wat Jesus vir ons vertel het.
Terwyl ons vandag oor die Bybel gedink het, het daar ‘n wonderwerk gebeur.
Wanneer ons oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die lelike dinge in ons lewens uit te vee en help Hy ons om die mooi dinge, wat in die Bybel staan, te begin doen.
Waaroor het ons vandag gedink? Kyk wat die kinders alles antwoord en of hulle min of meer by die volgende uitkom. Ons het oor Jesus se storie van die 10 slawe gedink en dat elkeen geld gekry het. Een slaaf het sy geld gaan wegsteek. Ons het vir mekaar gesê wat moontlike redes kon wees waarom hy dit gedoen het. Ons wil tevrede wees met wat ons het en dit gebruik. Ons moenie onsself met ander vergelyk en dan ontevrede wees of bang wees oor wat ons het nie.


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246


shutterstock.com • 34879246

# Les 1



Kleur die prent mooi in.

**Les 3**
**Kinderbybel bladsy 306 en 307**

Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.
Neem ‘n gewone Bybel saam klas toe en wys vir die kinders die verskillende boeke in die Bybel.
Verduidelik aan hulle dat die Bybel in twee dele opgedeel is, naamlik die ou en nuwe testament.
In die ou testament is daar 39 boeke en in die nuwe testament 27 boeke.
Die Bybel is dus nie net een boek nie, maar ‘n klomp boeke saam.
Die Bybel-boek-naam-liedjie leer ons die boeke se name.
Laat hulle nou die liedjie leer.

Aktiwiteit.
Neem ‘n botteltjie water saam na die les.
Sê vir die kinders dat dit water is, maar ons gaan ons verbeel dis olie. Dit is spesiale duur olie, soos parfuum, waarmee konings gesalf is in die ou dae.
Verduidelik dat hulle in die ou tyd olie oor die nuwe koning se kop uitgegooi het om te wys dat hy nou die nuwe koning is.
Die nuwe koning is dan ‘n gesalfde genoem. (Olie en salf is in die ou tyd baie keer as dieselfde ding gesien.)
Dit was ‘n teken dat hy deur God gekies is.
Maak so bietjie van ‘n ritueel terwyl jy ‘n paar druppels water op van die kinders se koppe gooi. Sê elke keer: “Ek salf jou tot koning!”

‘n Kykie vooruit.
Laat die kinders tot by bl. 330, in hulle kinderbybels blaai.
Blaai nou baie rustig saam met hulle deur al die blaaie tot by bl. 357. Laat hulle na elke prentjie kyk en verduidelik elke keer kortlik wat in die prent gebeur. Staan bietjie langer stil by die prent op bl. 352 waar hulle Jesus met die doeke toe maak.
Verduidelik dat lyke in die ou dae soms gebalsem is (met verskillende olies en middels gesmeer is) en dan met doeke toegedraai is.
Verduidelik aan hulle dat ons eers oor 10 lesse hierby gaan uitkom, maar dat ons nou al bietjie daarvan moet weet om vandag se les te verstaan.

Laat die kinders nou na bl. 306 van hulle kinderbybels blaai. Lees die verhaal van Maria se liefdesdaad.
Vra die volgende vrae:
Waarheen was Jesus oppad? (Jerusalem)
Waar het Hy gebly voor hy by die stad ingegaan het? (Lasarus, Maria en Marta)
Watter snaakse ding het Maria met Jesus gedoen? (Duur parfuum oor hom uitgegooi.)
Jesus het gesê: “Die verhaal van wat Maria vanaand gedoen het, sal oor en oor vertel word. Die mense sal haar nooit vergeet nie.” Dink jy dit het waar geword? (Ja, want dis nou meer as 2000 jaar later en ons lees nogsteeds van haar.)
Kan julle nog onthou by watter twee geleenthede mense gesalf is? (wanneer iemand dood is, is sy lyk met die sal gesmeer en wanneer iemand ‘n koning geword het is dit op sy kop uitgegooi as bewys dat God hom gekies het.)
Waarna, dink julle, het Maria se liefdesdaad verwys? Wat het net daarna met Jesus gebeur? (Jesus is dood, so dit het na Sy dood verwys, maar daarna het hy uit die dood uit opgestaan en so die dood gewen. Hy het vir altyd en altyd one nuwe koning geword. Maria se daad het dus ook gewys na Jesus wat der God gekies word om vir altyd en altyd one koning te wees.

Kyk nou wie van hulle die verhaal uit hulle koppe kan vertel.
Kyk weer of hulle kan sê wat die twee dinge is waarna Maria se liefdesdaad verwys het.

**Skeur 'n klomp klein, gekleurde stukkies papier uit 'n tydskrif.**
**Plak dit op die prent.**





Kleur die prent mooi in.

**Les 4**
**Kinderbybel bladsy 308 en 309**

Koninkryk van mag teenoor koninkryk van liefde.
Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n geweer en ‘n hart. Fotokopiëer dit en knip dit uit. Indien jy ‘n speelgoedgeweer en ‘n houthart of “soft toy” hart of enige ander hart het, kan jy dit eerder gebruik.
Gee die geweer vir een kind om vas te hou en die hart vir ‘n ander kind.
Daar is ook twee plakate. Op een staan *Koninkryk van mag* en op die ander een *Koninkryk van liefde.* Indien jou klas al in gr. 2 of ouer is, kan jy die plakate ook fotokopiëer . Steek die *Koninkryk van mag* plakaat met haakspelde aan die kind met die geweer se hemp vas en die *Koninkryk van liefde* plakaat aan die kind met die hart se hemp.
Kies ‘n kind om ‘n ou oom of tannie te wees en kies een wat ‘n opdrag kan uitvoer.
Laat die “ou oom” of “ou tannie” stadig aan gestap kom. Die een met geweer sê dan vir die een wat die opdrag moet uitvoer: “Help die tannie/oom of ek skiet jou!”
Laat die “ou oom” of “ou tannie” weer stadig aan gestap kom. Die een met hart sê dan vir die een wat die opdrag moet uitvoer: “Foei tog, kyk hoe swaar kry die arme oom/tannie. Help hom/haar asseblief.
Vra vir die kinders watter koninkryk vir hulle beter is. Watter een van die twee koninkryke is soos Jesus s’n?

Laat die kinders hulle Bybels op bl. 308 oopmaak en lees/vertel die verhaal vir hulle soos dit op bl. 308 en 309 geskryf staan. Van die kinders wat al kan lees kan help lees.
Kyk die kinders die verhaal in hulle eie woorde kan oorvertel.
Wie van hulle kan verduidelik wat die aktiwiteit by punt een met die Bybelverhaal te doen het? (Die mense het gedink Jesus het gekom om ‘n koninkryk van mag vir die Jode te stig sodat die Jode oor dieander volke kon heers. Jesus het egter ‘n koninkryk van liefde gebring waar alle mense ewe belangrik is.)

Verhoudingsplakaat.
Wie van hulle kan nog onthou waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink?
Watter wonderwerk gebeur wanneer ‘n mens die Bybel lees en daaroor dink?
Herinner hulle dat daar nou net weer ‘n wonderwerk gebeur het terwyl hulle die Bybelverhaal gelees het en daaroor gedink het. Jesus het kans gekry om die lelike goed uit ons breine uit te vee en liefde in die plek daarvan te plant.

Vasleggingsgeleentheid.
Aan die einde van die les is ‘n plakaat wat verduidelik hoe om palmtakkies te maak. Indien daar tyd oor is en jy ‘n groep het wat hou van handwerk, kan jy hulle laat plamtakkies maak.


Konink
ryk
van
mag!


Konink
ryk
van
liefde.


gettyimages
Sitade
173240129



VectorStock®
VectorStock.com/1878835


strooitjie
lang, dun, palmblaar


plak die blare
só vas

# Les 3



Kleur die prent mooi in.

**Les 5**
**Kinderbybel bladsy 310**

Selfsugtig en onselfsugtig.
Aan die einde van die les is die twee woorde *Selfsugtig* en *Onselfsugtig* op ‘n vel papier geskryf.
Druk en knip dit uit en plak dit teen die muur.
Vra vir die kinders of hulle die verskil tussen die twee woorde se betekenisse verstaan. Bespreek dit bietjie.
Vra vir die kinders of hulle soms kwaad word. Waaroor raak hulle kwaad?
Stop hulle elke keer wanneer een ‘n rede gee waarom hy/sy kwaad raak en staan bietjie stil by dit. Bespreek of hy/sy in hierdie spesifieke geval kwaad word uit selfsugtige of onselfsugtige redes.
‘n Selfsugtige rede is byvoorbeeld wanneer jy kwaad word omdat jy nie kan kry wat jy wil hê nie. ‘n Onselfsugtige rede is byvoorbeeld wanneer jy kwaad word omdat jy sien hoe iemand, iemand anders, seermaak.
Aan die einde van die les is ‘n blad met ‘n prent van ‘n seuntjie en dogtertjie wat ‘n “tantrum” gooi. Wys dit vir die kinders en vra vir hulle of hulle kan verduidelik wat in die prente gebeur. Help hulle om uit te kom by iets soos ‘n “tantrum”.
Bespreek bietjie tantrums.
Waarom gooi kinders “tantrums”?
Gooi kinders “tantrums” omdat hulle kwaad is dat iemand iemand anders seermaak of te na kom of omdat hulle iets wil hê wat hulle nie kan kry nie.
Aan die einde van die les is ‘n prent van twee seuns wat baklei, ‘n dief, kinders wat ‘n meisie spot en ‘n mamma en pappa wat op mekaar skree terwyl hulle kind vir hulle kyk.
Wys elke keer een van die prente vir hulle en bespreek bietjie wat in elke prent gebeur.
Vra elke keer: “Wat dink julle gebeur in hierdie prent?”
Help hulle dan ook om by die volgende uit te kom.
In prent een baklei twee seun. Hulle is kwaad vir mekaar en nou baklei hulle. Is hulle woede selfsugtig of onselfsugtig?
Prent 2 is die man wat steel. As jy sien hoe vat iemand iemand anders se goed, is jou woede selfsugtig of onselfsugtig?
Prent 3 is kinders wat ‘n meisie spot. As jy kwaadword wanner jy dit sien gebeur, is jou woede selfsugtig of onselfsugtig?
Prent 4 is ‘n mamma en pappa wat op mekaar skree terwyl hulle kind vir hulle kyk. As jy dit sien gebeur en dit maak jou kwaad, is jou woede selfsugtig of onselfsugtig?


Laat die kinders hulle Bybels op bl. 310 oopmaak.
Onthou asseblief dat Bybellees een van die jaar se belangrikste dele is. Ons wil ons kinders leer hoe om die Bybel te hanteer om die Bybel as gesaghebbend in hulle lewens te aanvaar.
Sorg dus groot asseblief dat elke kind sy eie kinderbybel het en elke week saam blaai tot by die betrokke verhaal! Indien ‘n kind nie ‘n kinderbybel het nie, moet jy dit asseblief aanmeld.
Lees nou die verhaal saam met die kinders.

Bespreek die Bybelverhaal.
Het Jesus ook kwaad geword?
Waarom het Hy kwaad geword?
Het Hy oor selfsugtige of onselfsugtige redes kwaad geword?

Vasleggingsgeleentheid.

Aan die einde van die les is stukkies van ‘n legkaart.
Indien daar tyd oor is kan jy vir elkeen ‘n afskrif maak, die stukkies uitknip en vir hulle gee om die legkaart te voltooi.
Daarna kan hulle dit inkleur.

**Hier is 'n paar stukke van 'n legkaart.**
**Knip hulle uit.**
**Bou die legkaart. Plak die legkaart hier langsaan op die skoon bladsy.**




Selfsugtig
Onselfsugtig



shutterstock.com • 1209396643



shutterstock.com • 1242915784








gettyimages
AskinTulayOver
165903976



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 6**
**Hersiening**


Gaan weer deur les 1 - 5.
Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.
Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 306 tot 310 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.
Doen weer van die aktiwiteite of speel van die speletjies waarvan die kinders die meeste gehou het.

Les 1





Les 3





**Les 7**
**Kinderbybel bladsy 311**

Speletjie: Besing Jesus se lof.
Die speletjie werk dieselfde as “musical chairs”.
Pak genoeg stoele vir elke kind in ‘n kring.
Jy staan in die middel en sê ritmies: “Hoesanna vir die Seun van Dawid…”
Wanner jy ophou moet hulle gaan sit. Die een wat nie ‘n stoel is nie, is uit.
Neem elke keer ‘n stoel weg tot dat daar net een kind oor is.
Speel ook die speletjie sonder stoele. So lank jy ritmis sê “Hoesanna vir die Seun van Dawid…”, moet hulle dans. Wanneer jy stilbly moet hulle ophou dans. Die een wat laaste ophou dans is uit.

Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 311 oopmaak en lees dan die gedeelte hardop saam.


Aan die einde van die les is ‘n doolhof wat die kinders kan voltooi, asook ‘n blokkiesraaisel. Die kinders wat kan lees en skryf kan die blokkiesraasiel doen en die ander die doolhof. Die wat wil kan albei doen.

Speletjie: Jesus kan help.
Indien jy genoeg plek het, kan jy aan-aan speel, maar die een wat aan is, bly aan.
Wanneer die een wat aan is, aan een van die ander kinders raak, moet die aangeraakte kind gaan stil staan, met sy hande bo sy kop en aanhoudend skree: “Jesus help my!”
Wanneer ‘n kind wat nie aan is nie, aan die een wat roep raak, is hy weer vry om saam te speel.
Ruil die een wat aan is van tyd tot tyd.

Is daar mense wat Jesus se hulp nodig het?
Help die kinders om ‘n lysie te maak vir mense wat Jesus se hulp nodig het.
Jy kan dalk die name op ‘n bord of groot stuk papier skryf.
Gee nou geleenthied om vir hierdie mense te bid.

## Help vir Jesus om by die siekmense uit te kom.







**Vul nou die blokkiesraaisel in.**


## Dwars

1. Jesus het s... mense gesond gemaak.
2. Die kinders het geskree: “Ho..... vir die seun van Dawid!”
3. Die Far...... het nie van die veranderinge in die tempel gehou nie.

## Af

1. J.... het die mense gesond gemaak.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | X | X | s | | | | X | X | J |
| X | X | X | X | X | X | X | X | X | |
| H | o | | | | | | X | X | |
| X | X | X | X | X | X | X | X | X | |
| X | F | a | r | | | | | | |
| X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 8**
**Kinderbybel bladsy 312&313**

Speletjie
Ons gaan 2 speletjies speel. Vir al 2 speletjies het ons emmertjies of bakke nodig. Ons kan lekkers, gerolde balletjies van papier of enige soortgelyke items in die bakke gooi.

Speletjie 1
Verdeel die klas in 2 groepe, elk met 'n emmer.
Sit 'n vol emmer en 2 leë emmers 'n ent uit mekaar.
Sê op julle merke, gereed, weg en laat die twee spanne dan so veel papierballetjies/lekkers as moontlik uit die vol emmer haal en in hulle eie emmer gooi.
Kyk wie het die meeste papierballetjies in hulle emmer.

Speletjie 2
Vir rondte 2 gaan die kinders die balletjies in die ander span se emmer sit in plaas van hulle eie.
Die span met die minste balletjies in hulle emmer wen.

Teksversvaslegging.
Lees vir hulle Hand. 20: 35 uit die gewone Bybel. Hier onder is die vers bietjie aangepas om dit makliker te maak. Laat hulle dit leer.

Hand. 20: 35 "Om iets vir iemand anders te gee maak 'n mens gelukkiger as om iets te ontvnag."

Wanneer hulle sê, "Om iets vir iemand ander te gee", draai hulle na mekaar en maak of hulle iets vir mekaar aangee.
Wanneer hulle sê, "maak 'n mens gelukkiger", spring hulle rond van blydskap met hulle hande bo hulle koppe.
Wanneer hulle sê, "as om iets te ontvang", hou hulle hulle hande uit asof hulle iets ontvang, maak dit toe en trek dit tot by hulle bors.
Laat hulle dit 'n paar maal doen.

Vra vir die kinders of hulle al iets weggegee het wat hulle nie graag wou weggegee het nie. Dalk iets waarvan hulle baie gehou het. As hulle het, laat hulle bietjiedaarvan vertel.


Lees die Bybel.
Laat ál die kinders hulle kinderbybels oop maak op bl. 312. Onthou dat een van ons uitkomste is om die Bybel gesaghebbend in ons kinders se lewens te maak. Dit is dus van uiterste belang dat élke kind sy eie kinderbybel het en dat elkeen, self in sy eie kinderbeybel kyk terwyl jy die storie lees. Selfs die kleintjies wat nog nie kan lees nie, moet hulle Bybels oop hê en na die prentjies kyk. BAIE BELANGRIK!!! Hier moet ASSEBLIEF GEEN kompromie aangegaan word nie. ASSEBLIEF!!!
Vra vir die kinders wat die speletjies met die Bybelverhaal te doen het.

Ons het oor die Bybel gedink.
Verwys die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink.
Herinner die kinders dat dit is wat ons vandag gedoen het. Ons het oor 'n verhaal in die Bybel gedink.
Terwyl ons vandag oor die Bybel gedink het, het daar 'n wonderwerk gebeur.
Wanneer ons oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die lelike dinge in ons lewens uit te

vee en help Hy ons om die mooi dinge, wat in die Bybel staan, te begin doen.
Waaroor het ons vandag gedink? Kyk wat die kinders alles antwoord en of hulle min of meer by die volgende uitkom. Die Bybel leer ons dat dit beter is om te gee as om te ontvang. Dit leer ons ook dat ons vir Jesus gee wat ons kan. Maak nie saak of ons ryk of arm is nie, ons gee wat ons kan. Dit is nie altyd maklik om te gee nie. Veral as ons nie baie geld het nie of as ons baie hou van dit wat ons weggee.
Bid saam met die kinders dat Jesus ons sal help om makliker vir ander te kan gee.


Vasleggeing
Aan die einde van die les is ‘n aktiwiteit wat die kinders kan doen indien daar tyd oor is.


**Drie van hierdie prente hoort bymekaar.**
**Omkring hulle.**
















**Kleur die prent mooi in.**

**Les 9**
**Kinderbybel bladsy 314&315**

Verstandig&onverstandig
Voor ons die les begin, moet die kinders eers die betekenis van bogenoemde twee woorde verstaan.
Hierdie twee woorde is aan die einde van die les op ‘n plakaat. Druk dit uit, maar plak eers net die woord *verstandig* teen die muur.
Deel die woord in lettergrepe op en help die kinders om dit uit te spreek.
Hou die *ig* aan die einde van die woord toe en vra hulle wat nou daar geskryf staan.
Vra wie van hulle weet wat die woord *verstand* beteken. Help hulle om by *brein* of *kop* uit te kom.
Vra hulle wat ‘n mens met ‘n mens se *verstand/brein/kop* doen? Help hulle om by *dink* uit te kom.
Verwys na die *dink-plakaat* (Seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink). Sê sommer in ‘n terloopse trant: Die seuntjie en dogtertjie is verstandig, want hulle wil graag doen wat in die Bybel geskryf staan.
Plak nou die woord *onverstandig* op. Help hulle weer m.b.v. lettergrepe om dit uit te spreek. Verdudelik dat dit dieteenoorgestelde van verstandig is.
Aan die einde van die les is ‘n plakaat van dogtertjies wat klim en een van seuns wat fietsry. Plak albei op en vra vir die kinders of hulle kan sien wie van die kinders verstandig is en wie onverstandig is. Kyk of jy ‘n gesprek kan uitlok, sonder om aan die begin die antwoord te gee. Help hulle om uit te kom by die dogtertjie wat die harnas, met toue dra en die seun wat ‘n valhelm op het. Hulle gebruik hulle verstand - hulle *dink* wat hulle doen!

Lees die Bybel.
Laat die kinders hulle kinderbybels op bl. 314&315 oopmaak.
Onthou die kinders nog dat Jesus soms stories vertel het terwyl Hy op Aarde was?
Vandag se Bybelstorie is een van Jesus se stories.
Maak eers seker hulle verstaan die volgende woorde deur dit met hulle te bespreek:
Bruid, bruidegom, bruidsmeisies, verstandig, onverskillig.
Lees
Sê vir hulle dat jy die volgende vrae gaan vra nadat jy die storie gelees het:
Hoeveel bruidsmeisies was daar? (10)
Wat het die 5 verstandige meisies gehad wat die 5 onverstandiges nie gehad het ne?
(olie)
Wat het met al 10 bruidsmesies gebeur omdat hulle so lank vir die bruidegom gewag het?
(aan die slaap geraak)
Wat het die onverstandige meisies gedoen toe hulle sien hulle olie is op?
(hulle het vir die verstandiges vir olie gevra en weggegaan om olie te gaan probeer koop)
Wat het die bruidegom gesê toe die onverstandige meisies by die deur wil inkom? (Ek ken julle nie. Gaan weg.
Wat is die les wat Jesus vir ons met die storie probeer leer? (Niemand kan dit beskostig om te sê: Ek sal môre verander, nie.)
Hoe verander ons? (Wanneer ons oor die Bybel dink, kry Jesus kans om ons te verander. Hy maak ons lief vir ander mense.)
Lees nou die gedeelte vir julle.
Maak seker al die kinders se kinderbybels is oop, al kan hulle nog nie lees nie.
Vra vir hulle die vrae nadat julle gelees het.

Sing ‘n liedjie.

Kyk of julle die liedjie, *Sing Hosanna,* saam met die kinders kan sing. Dis op youtube by https://www.youtube.com/watch?v=nBo9BM6QVxs

Kyk of die kinders die storie op hulle eie vir jou kan oorvertel.

4 Vasleggingsaktiwiteit
Onder aan die les is ‘n prent van ‘n lamp. Maak vir elke kind ‘n afskrif. Laat hulle dit inkleur en uitknip. Die idee is dat die lampie moet kan regop staan.
Vra die kinders om die lampies huis toe te neem en vir hulle ouers te verduidelik waaroor vandag se Bybelverhaal gegaan het.

verstandig

onverstandig


#1002364







**Kleur die lampie in.**
**Knip die lampie uit, maar moenie die boonste strepieslyn uitknip nie.**
**Buig dit sodat die lampie kan regop staan.**



vou

knip

# Les 8



Kleur die prent mooi in.

**Les 10**
**Kinderbybel bladsy 318 tot 321**

Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

Nederigheid
Aan die einde van die les is ‘n plakaat met die woorde *nederigheid* en *dien* daarop. Knip dit uit.
Plak die woord *nederig* teen die muur en vra of hulle weet wat dit beteken.
Ons gaan twee speletjies speel om ons te help om *nederigheid* beter te verstaan.
Speletjie 1 *Ek is belangriker as jy!*
Aan die einde van die les is ‘n templaat van ‘n kroon. Knip dit uit en maak ‘n kroon.
Rol stukkies papier in balletjies en plaas dit in ‘n houertjie.
Gee elke kind ‘n beurt om die kroon op te sit.
Die een wat die kroon op het, gooi die papierballetjies op die grond uit en sê: “Ek is belengriker as julle. Tel op die papier!”
Die ander moet dan die papierballetjies optel en in die houertjie terug plaas.
Speletjie 2 *Ek is nie belangriker as jy nie.*
Gee weer vir elkeen ‘n beurt om die kroon op te sit.
Die een met die kroon gooi weer die papierballetjies op die grond uit, maar sê hierdie keer: “Ek is nie belangriker as julle nie. Ek gaan die papiertjies optel.”
Almal help om die papierballetjies in die houer terug te plaas.

Dien
Plak die woord *dien* teen die muur en vra of hulle weet wat dit beteken. (Jy kan hulle helpm om by iets soortgelys uit te kom as wanneer jy iets vir iemand anders doen.
Help hulle om voorbeelde te gee soos wanneer jy vir jou boetie/sussie/maatjie/Mamma/Pappa ‘n glasie water of koeldrank aandra, die skottelgoed vir Mamma was, ‘n maatjie met sy skoolwerk help as hy met iets sukkel…
Gee hulle bietjie kans om te vertel hoe hulle ander mense dien.

Bybelverhaal van vandag.
Vandag se Bybelverhaal strek vanaf bl. 318 - 321. Dit is ‘n baie lang stuk, maar die hoof boodskap is om mekaar met nederigheid te dien.
Ek stel voor dat jy nie alles vir die kinders lees nie, maar dit vir hulle oorvertel of gedeeltelik lees en vertel. Laat jou lei deur jou kinders se ouderdom of die groep se dinamika. Hulle kan jou dalk ook help lees. Onthou dat almal to by die betrokke bladsye moet blaai en ten minste na die prente moet kyk.
Sê vir die kinders dat vandag se Bybelverhaal iets met *nederigheid* te doen het. Nadat julle die verhaal gelees het, gaan hulle vir jou moet sê wat dit daarmee te doen het.
Lees/vertel die verhaal.
Laat die kinders die verhaal, in hulle eie woorde, vir jou terug vertel.
Vra vir die kinders wat die verhaal met nederigheid te doen het.


Was mekaar se voete.
Neem ‘n skottel, seep, water en handdoek saam klas toe
Laat die kinders mekaar se voete was.

Vasleggingsaktiwiteit.
Aan die einde van die les is ‘n plakaat waarop geskryf staan: “Hande wat dien.”
Laat die kinders hulle hande daar op afteken en inkleur of verf hulle hande and laat hulle dit op die papier afdruk.

Vra vir hulle of hulle verstaan wat ons met die plakaat bedoel. Hulle moet dit huis toe neem en vir Mamma en Pappa verduidelik waaroor dit gaan.

nederigheid

dien



Hande wat dien


Les 9




Kleur die prent mooi in.

## Les 11
## Hersiening

Gaan weer deur les 7 - 10.
Onthou dat ons aan die einde van die jaar al die verhale wil ken en kan oorvertel. Oefen dus ook weer die vorige hersieningsles se verhale.
Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.
Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 311 tot 321 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.
Doen weer van die aktiwiteite of speel van die speletjies waarvan die kinders die meeste gehou het.





Les 8



Les 9



**Les 12**
**Kinderbybel bladsy 322&323 en 66&67**
(Hierdie les gaan ons weer by lesse 18, 19 en 24 betrek)

Algemeen: Gebruik die kalender om die kinders aan paasnaweek te herinner. Ons is nie seker wanneer Jesus se paasmaal en instelling van die nagmaal plaasgevind het nie. Dit kon dalk die Woensdag of Donderdag gewees het. Dit maak egter nie saak nie. Wat belangrik is, is dat die kinders sien hoe paasnaweek by ons Bybel inskakel.


Lees bl. 322&323 asook bl. 66&67 vir die kinders.

Verduidelik die Bybelverhale soos volg:
Aan die einde van die les is ‘n plakaat met twee kolomme prentjies.
Die prentjies wat langsmekaar is pas bymekaar.
**Plak dit teen die muur, want ons gaan dit weer by les 17 gebruik.**
Verduidelik dit vir die kinders soos volg:
Kyk na die slawe in Egipte.
Slaafspeletjie
Kies ‘n kind om ‘n slaaf te wees.
Laat die ander kinders opdragte vir die slaaf gee, soos *rol op die grond, maak soos ‘n skaap, spring op en af…*
Gesels met die kinders oor wat dit beteken om ‘n slaaf te wees. Verduidelik dat slawe nie inbeheer van hulle eie lewens is nie. Hulle moet doen wat ander sê.
Vra die kinders om nou self vir jou te verduidelik waaroor die prentjie gaan.
Kyk na die prent langs die slawe in Egipte die prent van die twee wat baklei.
Gesels met die kinders oor wat sonde is.
Dit is die lelike goed wat ons doen wat ander mense seermaak.
Wie het nog nooit gejok nie? Wie het nog nooit iets lelik van iemand anders gedink nie? Wie het nog nooit iets lelik vir hulle ma of iemand anders gesê nie?
Ons is slawe van sonde net soos die Egiptenare slawe was - die lelike goed is inbeheer van ons; ons is slawe van die lelike goed.
Vra die kinders om nou self vir jou te verduidelik waaroor die prentjie van die maats wat baklei gaan.
Kyk na die prent van Jesus met die kruis en die prent van die mannetjie met die gebreekte ketting om sy voet.
Jesus het vir ons aan die kruis gesterf sodat ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie.
Vra nou vir die kinders om self vir jou te verduidelik waaroor Jesus met die kruis asook die mannetjie wie se ketting gebreek is, gaan.
Kyk na die prent van die seuntjie en meisie wat oor die Bybel dink en die prent van die mannetjie wie se ketting gebreek is.
Verduidelik dat Jesus kans kry om ons te verander wanneer ons oor die Bybel dink. Jesus kry kans om ons help om nie meer slawe van sonde te wees nie. Hy kry kans om ons te help om op te hou om lelik te wees met ander mense. Hy kry kans om ons te help sodat ons nie meer ander mense seermaak nie.
Vra nou vir die kinders om self vir jou te verduidelik waaroor die prent van die seuntjie en meisie wat oor die Bybel dink, asook die mannetjie wie se ketting gebreek is, gaan.
Gooi bietjie druiwesap in ‘n glasie en breek ‘n paar stukkies brood - verwys na die prentjie van die wyn en brood.
Vra vir die kinders of hulle weet waaroor die Nagmaal gaan - gee geleentheid vir ‘n paar verduidelikings.
Die wyn (druiwesap) en brood herinner ons aan Jesus wat aan die kruis gesterf het - dit

herinner ons dat Jesus vir ons gesterf het, sodat ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie.
Vra nou vir die kinders om self vir jou te verduidelik waaroor Nagmaal gaan - jy gaan dit dalk ‘n paar keer moet herhaal voor hulle dit self sal kan verduidelik.
Kyk nou of daar van die kinders is wat al die prentjies op die plakaat kan verduidelik.


Vasleggingsgeleenthede.
Aan die einde van die les is ‘n bladsy met twee vrae oor die nagmaal. As die kinders in jou groep al goed kan lees en skryf kan jy vir elkeen een uitdruk en gee om in te vul.
Daar is ook ‘n soortgelyke blad as die plakaat. Die prentjies is deurmekaar. Maak ‘n afskrif vir elkeen en laat hulle die regte prente met mekaar verbind deur ‘n streep vanaf die linker kant se prent na die regte prent aan die regter kant te trek.

**Waarom pas die prentjies in die linker kolom by die prentjies in die regterkolom.**













**Nagmaal**

**Kyk bietjie na die brood en die druiwesap wat jou oom of tannie vandag saamgebring het.**

**Ruik en proe aan die brood en die druiwesap.**

**Beantwoord die volgende twee vrae.**


**1. Wat beteken die wyn of druiwesap?**


**.................................................................................................**

**2. Wat beteken die brood?**


**.................................................................................................**

**Wys watter prentjie in die linker kolom by die prentjie in die regterkolom pas deur 'n lyn van die een na die ander te trek.**





















Les 11



Kleur die prent mooi in.

**Les 13**
**Kinderbybel bladsy 324**
(Hierdie les gaan ons weer by lesse 15, 22 en 28 betrek)

1. Kom ons sing nou ons Bybel-boek-naam-liedjie.

Laat almal tot by bl. 324 blaai., maar moet nog nie die verhaal lees nie.


Vra die volgende vrae:
3.1 Wie van hulle weet wat dit beteken om braaf of dapper te wees.
(Dit beteken om iets te doen, al is jy bang.)
3.2 Vra vir die kinders om voorbeelde te gee.
(Jy stap in die donker gang af al is jy bang.
Jy groet iemand al lyk hulle kwaai en groet jou nie terug nie.
Jy sê vir Pappa of Mamma as jy stout was, al is jy bang om in die moeilikheid te beland.
Jy sê vir ‘n kind wat lelik is met ‘n ander kind om op te hou, al is jy bang hy gaan vir jou iets lelik sê of jou boks.)

Lees die verhaal op bl. 324 tot bo aan bl. 325 vir die kinders of laat hulle dit lees, as hulle kan.
Sê vir hulle dat jy gaan kyk wie dit na die tyd kan oorvertel. (Jy kan ‘n beloning gee as jy wil.)
Kyk wie dit kan oorvertel nadat julle dit gelees het.

Wat is besig om in die verhaal te gebeur?
Vra vir hulle wie van hulle weet dat Jesus doodgemaak is en weer lewendig geword het.
Verduidelik dat vandag se Bybelverhaal net voor Jesus se dood is. Hulle gaan nou enige oomblik vir Jesus kom vang. Hy is besig om dit vir Sy diddipels te vertel. Hy sê ook vir hulle dat hulle almal gaan weghardloop wanneer dit gebeur.
Lees weer vir hulle vanaf, *Julle gaan vannag almal weghardloop* tot aan die einde van die verhaal.
Vra vir hulle: “Dink julle Jesus se disspels is braaf?”
Waarom dink hulle so of nie so nie?
Moenie te veel op hulle antwoorde reageer nie, want ons gaan oor 2 lesse weer hierheen terug kom.

Vasleggingsaktiwiteite.
Kyk watter van die volgende vasleggingsaktiwitiete die beste met die betrokke groep kinders en beskikbare omgewing gaan werk en gebruik dit. As daar tyd is kan jy alles doen.
6.1 Braafspeletjies: Wie skrik groot?
Kry ‘n area waar die kinders relatief naby aan mekaar kan wegkruip.
Laat een kind hulle soek.
Wanneer die soeker naby die wegkruiper kom, moet die wegkruiper uitspring en skree: “Wa!”
6.2 Help Jesus en Sy dissipels om by Getsemane uit te kom.
Op die volgende bladsy is ‘n prent met ‘n doolhof op geteken.
Maak vir elke kind ‘n afskrif.
Laat hulle ‘n streep in die regte pad vanaf Jesus en Sy disspels tot by Getsemane trek.

**Help vir Jesus en Sy dissipels om by die tuin van Getsemane uit te kom.**



12

# Les 12



Kleur die prent mooi in.

**Les 14**
**Kinderbybel bladsy 328 tot 331**

Benodigdhede ‘n Almanak waarop paasnaweek aangedui word.
Plakkaat van Matt. 5: 44.
Prent met kolletjies om te verbind.

Verwys weer na die almanak en paasfees.
Kan hulle nog onthou waaroor paasnaweek gaan?
Blaai saam met hulle deur die Kinderbybel vanaf bl. 318 - 325.
Verduidelik dat al hierdie gebeure met paasnaweek verband hou.

2. Bybellees.
Blaai saam met die kinders na bl. 328.
Wie van hulle kan sê wat hier gebeur nog voor julle dit gelees het?
Lees nou bl. 328.
Wie kan dit oorvertel?
Blaai na bl. 330.
Wie van hulle kan sê wat hier gebeur nog voor julle dit gelees het?
Lees nou bl. 331.
Wie kan dit oorvertel?

Teksversvaslegging.
Aan die einde van die les is ‘n plakkaat met Matt. 5: 44 Jesus sê: “Ons moet ons vyande liefhê.”
Plak dit teen die muur en laat die kinders dit uit hulle kop leer.
Vra vir hulle wat dit met vandag se Bybelverhaal te doen het.
Jesus was nie lelik met Sy vyande nie.
Toe hulle kom vang, het Petrus een se oor afgekap.
Jesus het dadelik vir hom gesê om op te hou.
Hy het liefde aan sy vyande bewys, deur die afgekapte oor op te tel, terug te sit en gesond te maak.

4. Bid vir jou vyande.
Vra vir hulle: Hoe het ‘n mens jou vyand lief? Sê jy vir hom: “Ek het jou lief.” En dan ‘doef’, skiet jy hom?
Veruidelik dat dit nie noodwendig oor mense in ‘n oorlog gaan nie, maar ook oor mense wat lelik en onbeskof met jou is, boelies en mense wat jou seermaak.
Vra vir hulle of van hulle sulke vyande het.
Verduidelik dat julle nou ‘n plan gaan maak, hoe julle hierdie vyande kan liefhê.
Deel aan elkeen ‘n A5 papier uit.
Laat hulle bo-aan *Gebedlys* skyrf.
Laat hulle nou hulle vyande se name onder dit skryf. - help die kinders wat nog sukkel om te skryf of dalk is daar maatjies wat mekaar kan help.
Laat hulle hulle maats se name neerskryf as hulle nie vyande het nie.
Elke aand voor hulle gaan slaap, lees hulle een van die name en bid dan mooi dinge vir die persoon. Dinge soos:
Dat hulle Jesus sal leer ken as hulle hom nog nie ken nie.
Dat hulle mooi verhoudings met hulle Mamma, Pappa en boeties en sussies sal hê.
Dat hulle mooi verhoudings met hulle maats sal hê.
Dat dit goed met hulle by die skool sal gaan.
Laat hulle nou oefen om dit te doen.

Vra hulle om hulle oë toe te maak.
Laat hulle aan een van hulle vyande dink.
Verduidelik dat jy nou elke keer vir hulle een van die dinge noem waarvoor hulle vir hierdie vyand moet bid.
Lees dan elke keer een ding waarvoor hulle moet bid en gee dan kans dat elkeen dit in sy gedagtes doen.
Laat hulle nou hulle gebedslyste voor in hulle Kinderbybels bêre.
Vra hulle om elke aand vir een van hulle vyande te bid - hulle kan vir Mamma enm Pappa vra om hulle te help.

Verbind die kolletjies.
Op die volgende blad is ‘n prent met ‘n gedeelte wat uit kolletjies bestaan.
Indien daar nog tyd is en dit is die tipe aktiwiteit wat die kinders in die groep sal geniet, kan jy vir elkeen ‘n afdruk gee.
Hulle verbind die kolletjies en kleur dan die prent in.

**Verbind die kolletjies.**



**Matt. 5: 44**

Jesus sê:

„ Ons moet

ons vyande

Les 13



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 15**
**Kinderbybel bladsy 332 en 333**

Benodigdhede ‘n Afskrif vir elke kind van die haan aan die einde van die les.
‘n Tydskrif met gekleure bladsye of gekleure papier.
Gom.

Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

Blaai saam met die kinders na bl. 324.
Lees vanaf *Jesus en Sy dissiples het die berg opgeklim...* tot aan die einde van die verhaal bo aan bl. 325.
Herhaal die laaste gedeelte aan die einde vanaf, *O, nee! Ek sal eerder sterf...*
Sê vir hulle om ‘n vinger op hierdie bladsy te hou terwyl julle verder in die Bybel aanlees.


3. Blaai na bl. 332.
Lees die verhaal.
Vra vir die kinders of Petrus dit reggekry het wat hy in die vorige verhaal, waar hulle vingers plek hou, belowe het.
Kan hulle nog onthou wat dit beteken om braaf of dapper te wees?
Was Petrus en Jesus se ander dissiples dapper?
Vra vir hulle of hulle weet wat Petrus gedoen het, nadat die haan die derde keer gekraai het.
Lees vir die kinders uit Matt. 26: 75 “En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.”
Vra vir hulle of hulle verstaan waarom Petrus so hartseer was.
Hy was hartseer omdat hy Jesus se vriend was en toe Jesus hom nodig gehad het, was hy bang dat hy ook gevang gaan word en het toe gesê dat hy hom nie ken nie.
Vra vir hulle of hulle ook al hartseer was omdat hulle iemand seergemaak of teleurgestel het.
Vra of daar van hulle is wat dit met die groep wil deel.

Die prent van die seuntjie en meisie wat oor die Bybel dink.
Wys na die prent van die seunjie en meisie wat oor die Bybel dink.
Onthou hulle nog waaroor dit gaan?
Wanneer ons die Bybel lees en daaroor dink kry Jesus kans kry om ons te verander.
Jesus kry kans om ons help om nie meer slawe van sonde te wees nie.
Hy kry kans om ons te help om op te hou om lelik te wees met ander mense.
Hy kry kans om ons te help sodat ons nie meer ander mense seermaak nie.

Kom ons bid saam.
Vra vir die kinders of daar van hulle is wat wil bid en vir Jesus wil vra om ons te help om nie ons vriende seer te maak nie.
Jy kan afsluit met iets soos:
Jesus, ons het vandag van Petrus gelees wat gesê het dat hy nie vir Jesus ken nie.
Daarna het ons, net soos die seuntjie en meisie in die prentjie, daaroor gedink en het ons met mekaar daaroor gesels.
Dankie dat U, terwyl ons dit gedoen het, ons begin verander het, sodat ons nie ook soos Petrus ons vriende seermaak nie.
Help ons om elke keer te besef wanneer ons lelik is met ons maats en familie.
Help ons dan om te onthou om vir U te vra om ons te help.
Amen.

Maak die haan mooi.
Indien daar tyd is, kan jy vir elke kind ‘n afskrif van die haan op die volgende bladsy gee. Laat hulle papier in stukkies skeur en dit op die haan plak om dit mooi te maak.
Plak dit teen die muur, want ons gaan oor ‘n paar lesse weer na Petrus se verhaal tyerug kom.
Indien daar nie tyd vir hulle is om dit te doen nie, kan jy vra wie dit by die huis sal doen en terug bring, sodat julle dit teen die muur kan plak.
Berei dalk maar self ook een voor wat jy teen die muur kan plak.

**Skeur klein stukkies papier uit 'n tydskrif.**
**Plak dit op die haan sodat hy mooi kan lyk.**



# Les 14



Kleur die prent mooi in.


## Les 16
## Hersiening

1. Gaan weer deur les 12 - 15.

Onthou dat ons aan die einde van die jaar al die verhale wil ken en kan oorvertel.
Oefen dus ook weer die vorige hersieningsles se verhale.

2. Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.
3. Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 322 tot 332 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.
4. Doen weer van die aktiwiteite of speel van die speletjies waarvan die kinders die meeste gehou het.

Les 11



Les 12



Les 13



Les 14



**Les 17**
**Kinderbybel bladsy 334 tot 343**

Benodigdhede Les 12 se plakkaat.
Blokkiesraaisel aan die einde van die les (opsioneel).

Agtergrond.
Hierdie Bybelverhale handel oor Jesus se mishandeling en dood.
Wees versigtig met te veel besonderhede aangesien die kinders nog klein is en hulle dit traumaties kan ervaar.
Dit is ‘n oorsig i.p.v. besonderhede - ons behandel 10 bladsye op een slag.

2. Slawe van sonde.
Wys vir die kinders die plakaat met twee kolomme prentjies, wat julle in les 12 gebruik het - dis ook aan die einde van hierdie les aangeheg.
Wie van hulle kan nog onthou waaroor dit gaan?
Speel weer die slaafspeletjie.
Kies ‘n kind om ‘n slaaf te wees.
Laat die ander kinders opdragte vir die slaaf gee, soos *rol op die grond, maak soos ‘n skaap, spring op en af…*
Verduidelik dat slawe nie inbeheer van hulle eie lewens is nie. Hulle moet doen wat ander sê.
Kyk na die prent langs die slawe in Egipte - die prent van die twee wat baklei.
Hierdie prentjie verwys na sonde.
Dit is enige lelike goed wat ons doen wat ander mense seermaak.
Ons is slawe van sonde net soos die Egiptenare slawe was - die lelike goed is inbeheer van ons; ons is slawe van die lelike goed.
Kyk na die prent van Jesus met die kruis en die prent van die mannetjie met die gebreekte ketting om sy voet.
Onthou hulle nog waaroor die prentjie gaan? Jesus het vir ons aan die kruis gesterf, sodat ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie.

3. Wat sal jy betaal?
Vra vir die kinders wat hulle baie, baie graag wil hê, maar hulle mag nog nie vir jou sê wat dit is nie.
Vra nou vir hulle om te dink hoeveel geld hulle bereid is om daarvoor te betaal.
Gee nou vir hulle een-een kans om vir jou te sê wat dit is wat hulle wil hê en wat hulle bereid is om daarvoor te betaal.
Neem een van die kinders en laat haar regop staan.
Vra vir die kinders wat Jesus bereid was om vir haar te betaal.


4. Vertel terwyl julle blaai.
Herinner die kinders weer wat paasfees is en dat ons huidige Bybelverhale almal daaroor gaan.
Blaai vanaf bl. 334 tot 343 terwyl jy elke keer die prent verduidelik.
Sê kort-kort: “Sien julle hoe lief Jesus ons het. Hy het so swaar gekry om vir ons sondes te betaal.”

5. Bid saam met hulle:
Vra vir die kinders of daar van hulle is wat vir Jesus wil dankie sê dat Hy ons so lief het dat Hy toegelaat het dat die mense Hom dood maak, sodat Hy ons daarmee kon koop.
Sluit af met die volgende gebed:

Jesus, baie dankie dat ons vandag weer kon Bybel lees en daaroor dink.
Dankie dat ons vandag weer kon besef hoe lief U vir ons is.
Dankie dat U vir ons doodgegaag het en dat ons nie nou meer slawe van sonde is nie.


Blokkiesraaisel.
Aan die einde van die les is ‘n blokkiesraaisel wat werk deur die regte letter te omkring.
Indien daar tyd oor is kan jy vir elkeen een uitdeel om te voltooi.

**Waarom pas die prentjies in die linker kolom by die prentjies in die regterkolom.**













**Kyk na al die letters in die blok.**
**Tussen al die letters is daar woorde.**
**Die woorde is antwoorde vir die volgende vrae. Omkring die letters van die antwoorde.**

## Dwars

1. Wie was die goewerneur na wie hulle vir Jesus geneem het?
2. Hulle het vir Jesus 'n doring-..... opgesit.
Waaraan het hulle vir Jesus vasgespyker?

## Af

1. Hulle het vir Jesus ge-.....

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | i | l | a | t | u | s | a | t | s |
| c | e | f | h | j | l | n | o | q | l |
| a | b | s | k | r | o | o | n | t | a |
| x | y | z | a | b | c | d | e | f | a |
| p | k | r | u | i | s | m | e | s | n |

Les 16



Kleur die prent mooi in.

**Les 18**
**Kinderbybel bladsy 346 tot 351**

Benodigdhede Uitgeknipte legkaart aan die einde van die les.
(Maak 'n afskrif vir elk en knip die legkaartstukke uit.)
Prent van die gordyn wat geskeur het.

Kat en muis speletjie.
Speel kat en muis met die kinders.
Die kinders staan in 'n kring en hou hande vas.
Kies 1 kind om die muis en 1 om die kat te wees.
Die kat staan binne-in die kring.
Die kat moet deur die kinders, wat in die kring staan, se arms breek om by die muis uit te kom.
As daar te min kinders vir kat en muis is, kan jy die volgende speel.
Neem enige voorwerp wat 'n kind in die hande moet probeer kry.
Die ander kinders maak 'n muur voor die voorwerp om te keer dat die kind by die voorwerp kan uitkom.

God kon nie by ons uitkom nie.
Laat almal solank hulle Bybels op bl. 349 oopmaak.
Vra vir die kinders watter mens hulle die liefste in die hele wye wêreld het.
Dalk hulle ma, pa, ouma, oupa...
Wat sal jy doen as daar een of ander vreemde ding gebeur wat maak dat hierdie persoon doodgaan wanneer jy naby hom of haar kom?
Jy vind dit gelukkig betyds uit en gaan nie naby nie, so die persoon gaan nie dood nie, maar nou kan jy nooit weer naby hom of haar kom nie. Dis soos 'n muur, wat jy nie kan sien nie, tussen jou en die persoon.
Verduidelik dat dit soos die speletjie is. Die kinders wat in 'n kring gestaan het, was soos 'n muur tussen die kat en die muis.
Verduidelik dat dit presies is wat met God en ons gebeur het.
Nadat Adam en Eva sonde gedoen het, kon God nie naby ons kom nie. Hy wou baie graag, maar Hy kon nie, want ons sou doodgaan. (Eks. 33: 20 "Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.")
Dink net hoe erg dit vir Hom moes gewees het. Hy het ons so onsettend baie lief, maar Hy kan nie naby ons kom nie.
Wys vir die kinders die prent van die geboue, die 1 met 'n heel en die ander met 'n geskeure gordyn, aan die einde van die les.
Die outydse kerk waar mense bymekaar gekom het, is 'n tempel genoem.
Binne-in die tempel was daar 'n gordyn wat die tempel in 2 dele verdeel het.
Die gordyn was dieselfde as die muur wat ons met ons lyfies gebou het toe ons die speletjie gespeel het.
Die gordyn het gewys dat God nie naby ons kon kom nie.


3. Vandag se Bybelverhaal.
Vra vir hulle of enige van hulle weet wat met die gordyn in die tempel gebeur het, toe Jesus doodgegaan het.
Sê vir hulle dat julle nou bl. 349 gaan lees en sien of hulle reg is.
Lees nou die gedeelte op bl. 349 met die opskrif *Die Tempelgordyn Skeur in Twee*.
Gee hulle nou kans om te sê wat met die gordyn gebeur het.
Wie van hulle verstaan wat dit beteken?
God het ons sonde weggeneem.

Daar was dus nie meer ‘n rede waarom God nie naby ons kon kom nie.
Hy kon nou weer by ons kom, sonder dat ons doodgaan.

4. Legkaart.


Indien daar tyd oor is, kan jy vir die kinders elkeen die legkaart aan die einde van die les gee om te bou.

**Die gordyn het geskeur, die oomblik toe Jesus doodgaan.**





**Hier is 'n paar stukke van 'n legkaart.**
**Knip dit uit, bou die legkaart, plak dit op ‘n skoon bladsy en kleur dit in.**



**Les 19**
**Kinderbybel bladsy 354 tot 355**

Benodighede Almanak.
'n Afskrif van die plakkaat van Joh. 11: 25&26.
'n Afskrif, vir elke kind, van die aktiwiteitsblad aan die einde van die les.

1. Sing die Bybel-boek-naam-liedjie.

Wys weer vir hulle paasnaweek op die almanak en herinner hulle dat al die lesse wat ons die afgelope paar weke doen oor paasnaweek gaan.


Dood-gaan-en-weer-lewendig-raak speletjie.
Verduidelik aan die kinders dat julle nou 'n speletjie gaan speel en dan 'n verhaal uit die Bybel gaan lees. Hulle moet daarna sê wat die speletjie met die verhaal te doen het.
Gee die kinders een-een kans om voor die res van die kinders te staan.
Tel tot 3 en dan moet hulle maak of hulle die een wat voor staan, skiet.
Die kind moet op die grond val en maak of hy dood is.
Dan spring hy skielik regop en roep uit: "Ek lewe!"

Laat almal hulle Kinderbybels op bl. 354 oopmaak.
Lees bl. 354&355 saam met die kinders.
Vra hulle wat die speletjie met vandag se Bybelverhaal te doen het.

Opstanding uit die dood.
Wys die prentjie aan die einde van die les van die seun en meisie se lyfies, met elkeen se gees wat in hom of haar leef.
Verduidelik dat elkeen van ons 'n vleiskassie het waarin ons woon.
Ons vleiskassies gaan eendag doodgaan, maar ons gaan aanhou lewe.
Jesus gaan dan vir ons nuwe lyfies gee.
Dit gebeur omdat Jesus die dood gewen het.
Omdat Hy die dood gewen het, kan ons nou vir altyd saam met Jesus lewe.


6. Teksversvaslegging.
Joh. 11: 25&26 Wie is Jesus glo, sal vir altyd lewe!
Laat die kinders op die grond lê en maak of hulle dood is.
Terwyl hulle op die grond lê, sê hulle: "Johannses 11 vers 25 en 26."
Dan spring hulle regop en gooi hulle arms in die lug terwyl hulle uitroep: "Ek glo in Jesus; ek gaan vir altyd leef!"
Laat hulle dit 'n paar maal doen.

7. Aan die einde van die les is daar 'n aktiwiteitsblad. As daar tyd oor is, kan jy hulle dit laat doen.




**Joh. 11: 25&26**


Wie in Jesus glo, sal vir altyd lewe!



**Kyk na die verskillende prentjies.**
**Vier van hierdie prentjies hoort bymekaar.**
**Omkring hulle.**



# Les 18



Kleur die prent mooi in.

**Les 20**
**Kinderbybel bladsy 356 en 357**

Benodigdhede Wie-sê-dit blad.
Aktiwiteitsblad aan die einde van die les.
(Maak ‘n afskrif vir elke kind.)

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Bybellees.
Laat almal hulle Kinderbybels op bl. 356 oopmaak.
Lees die verhaal saam met hulle.
Laat van hulle dit lees as hulle kan.
Kyk wie van hulle die verhaal vir jou kan oorvertel.

Wie-het-dit-gesê speletjie.
Laat een kind met sy rug na die res van die kinders toe staan.
Wys met jou vinger na ‘n kind in die groep.
Die kind moet sê: “Hallo.”
Die een wat met sy rug na die res toe staan, moet omdraai en wys of sê wie dit gesê het.
Herinner die kinders dat Maraia Magdalena nie aan die begin besef het dat dit Jesus is wat met haar praat nie.
Verduidelik aan die kinders dat ons ook nie altyd besef dat dit Jesus is wat met ons praat nie.

Wie-sê-dit blad/plakkaat.
Aan die einde van die les is ‘n *Wie-sê-dit* blad.
Maak ‘n afskrif vir elke kind, indien die kinders oud genoeg is om dit in te vul, anders maak ‘n A3 plakkaat en doen dit saam met die kinders.
Maak seker hulle verstaan wat *onseker* beteken.
Gaan dit na die tyd met hulle deur, indien die kinders dit self voltooi.
Gee geleentheid vir Heilige Gees om die kinders te leer, deur hulle soveel as moontlik aan te moedig om redes te gee waarom hulle ‘n betrokke blokkie gemerk het.
Versigtig om vrymoedigheid te demp deur direk te sê hulle is verkeerd.
Julle hoef nie al die vrae te behandel nie. Hou op as jy sien hulle raak moeg en verloor belangstelling.
Daar is oop blokkies vir die wat hulle eie sinne wil skryf.

Aktiwiteitsbald.
Aan die einde van die les is ‘n aktiwiteitsblad waar hulle ‘n sin moet identifiseer deur die regte woorde te omring.
Indien daar tyd oor is en jou kinders hou van sulke aktiwiteite, kan jy afskrifte maak en hulle dit laat voltooi.

## Wie sê dit?

Daar is soms gedagtes in jou kop.
Soms is dit Jesus wat met jou praat.
Sê nou die volgende gedagtes kom in jou kop op. Dink jy dis Jesus wat dit sê?

| | Jesus. | Nie Jesus nie. | Onseker. |
|---|---|---|---|
| 1. Jy is baie spesiaal. | | | |
| 2. Niemand hou van jou nie. | | | |
| 3. Sien jy dat jou maatjie sukkel? Help hom. | | | |
| 4. Sien jy, daardie maatjie het gevloek. Sê vir hom hy's 'stupid'. | | | |
| 5. Jy's 'cooler' as die ander maats. | | | |
| 6. Jesus het jou net lief as jy goed is. | | | |
| 7. Gee jou spinternuwe skoene vir 'n maatjie wat arm is. | | | |
| 8. Gaan gesels met iemand by die skool wat pouses alleen sit. | | | |
| 9. Sjoe, maar die wolke is vandag baie mooi. | | | |
| 10. Wees versigtig. | | | |
| 11. | | | |
| 12. | | | |
| 13. | | | |
| 14. | | | |
| 15. | | | |

**Tussen al hierdie letters is daar 'n sin versteek. Kyk of jy die woorde kan sien.**
**Omkring hulle.**

AbcdefghijkMariaMagdalenasienvirJesuslmnopqrstuv

**Skryf nou die sin neer:**


……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………

# Les 19



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 21**
**Hersiening**

1. Gaan weer deur les 17 - 20.

Onthou dat ons aan die einde van die jaar al die verhale wil ken en kan oorvertel.
Oefen dus ook weer die vorige hersieningslesse se verhale.

2. Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.
3. Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 322 tot 332 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.
4. Doen weer van die aktiwiteite of speel van die speletjies waarvan die kinders die meeste gehou het.

Les 16





Les 18



Les 19



**Les 22**
**Kinderbybel bladsy 360 tot 363**

Benodigdhede Rom. 7: 15 - 24 plakkaat.
Aktiwiteitsbald aan die einde van die les.
(Maak ‘n afskrif vir elke kind.)

Bybelverhaal bl. 360, 361 en bo-aan bl. 362 tot voor *Het jy my regtig lief?*
Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 360 oopmaak.
Vertel die verhale terwyl julle tot by bl. 362 lees.
Vra tong in die kies: Wat het Jesus saam met Sy dissiples op die strand gedoen?
*Gebraai.*

Blaai terug na bl. 332.
Vra vir die kinders of hulle nog onthou wat in hierdie verhaal gebeur het.
Lees die gedeelte in die regterkolom, bo-aan die bladsy.
Kan hulle nog onthou wat Petrus toe geodn het? *Hy het baie hard gehuil.*
Waarom het hy so gehuil? Enige antwoord wat min of meer soos volg sê: *Hy was skaam en hartseer omdat hy gesê dat dat hy nie vir Jesus ken nie. Hy was teleurgesteld in homself. Hy was hartseer omdat hy vir Jesus seergemaak het...*

3. Speel weer die slaafspeletjie.
Kan hulle nog die slaafspeletjie onthou?
Speel dit net gou weer vir ‘n kort oomblik.
Kies ‘n kind om ‘n slaaf te wees.
Laat die ander kinders opdragte vir die slaaf gee, soos *rol op die grond, maak soos ‘n skaap, spring op en af…*
Kan hulle nog onthou?
Slawe is nie inbeheer van hulle eie lewens is nie - hulle moet doen wat ander sê.
Ek en jy is slawe van sonde. Ons wil graag die regte ding doen, maar kry dit nie reg nie.
Ons het Jesus se hulp nodig.

4. Bl. 362&363. Het Jy My Regtig Lief?
Verduidelik aan die kinders dat hierdie die eerste keer is wat Petrus weer vir Jesus sien, na die episode met die haan. Hy is dus nog baie skaam oor wat gebeur het.
Lees nou die gedeelte van *Het Jy My Regtig Lief?* Saam met die kinders.
Veruidelik dat Petrus geleer het dat hy ‘n slaaf van sonde is.
Voorheen het hy gedink dat hy uit sy eie krag altyd die regte dinge sal doen.
Toe Jesus vir hom gesê dat hy 3 keer gaan sê dat hy hom nie ken nie, het hy gesê: “Nooi! Ek sal nooit so iets doen nie!”
Tog het hy dit gedoen.
Hy het nie verstaan dat hy ‘n slaaf van sonde is nie.
Hy het nie verstaan dat hy Jesus se hulp nodig het om die regte ding te doen nie.
Nou verstaan hy uiteindelkik dat hy niks sonder Jesus se hulp kan doen nie.

Teksversvaslegging.
Aan die einde van die les is ‘n opsomming van Rom. 7: 15 - 24.
Verduidelik dat dit Paulus is wat dit gesê het. Hy en Petrus het mekaar goed geken.
Help hulle om dit uit hulle kom te ken terwyl hulle ook met hulle lyftaal maak soos die mannetjie in die prentjie.

Bid saam.
Vra vir die kinders of daar 3 van hulle is wat bereid is om elkeen 1 sin te te bid.
Gee dan vir elkeen een van die volgende sinne:

Sin 1: Jesus, help ons asseblief om te onthou dat ons slawe van sonde is.
Sin 2: Jesus, help ons asseblief om op te hou om self die regte ding te probeer doen.
Sin 3: Jesus, help ons om altyd vir U hulp te vra om die regte dinge te doen.

Sluit af met die volgende gebed:
Here, baie dankie dat ons vandag oor Petrus kon dink.
Baie dankie dat U ons vandag gehelp het om uit Petrus se voorbeeld te leer om nie uit ons eie krag die regte ding te doen nie.
Help ons om van nou af altyd te onthou om U hulp te vra.
Amen.

7. Aktiwiteitsblad.


Aan die einde van die les is ‘n aktiwiteitsblad waar die kinders ‘n prentjie kan voltooi deur die kolletjies te verbind.
As daar nog tyd oor is kan jy vir elkeen een gee om te voltooi en in te kleur.

# Rom. 7: 15 - 24




Die lelike dinge wat ek nie wil doen nie, doen ek. Ai, wat gaan ek maak? Ek weet, Jesus gaan my help!

**Verbind die kolletjies.**



Les 21



Kleur die prent mooi in.

**Les 23**
**Kinderbybel bladsy 364 en 365**

Benodigdhede Joh. 14: 2 plakkaat.

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 365 oopmaak.
Sê vir hulle dat julle dit nou gaan lees en dat jy na die tyd gaan kyk of van hulle dit kan oorvertel.
Lees die verhaal vir die kinders.
Vra vir hulle wie dit kan oorvertel.
Die belangrikste feite is:
Jesus was saam met al Sy vriende.
Hy het gesê dat die Heilige Gees oppad is.
Hy is toe terug hemel toe.
Hy is terug hemel toe om die plek waar ons gaan bly reg te kry.

Bybelteksvaslegging.
Aan die einde van die les is ‘n vereenvoudigde weergawe van Jon. 14: 2.
Maak ‘n afskrif en plak dit teen die muur.
Laat hulle dit uit hulle kop leer.

Bou-’n-huis speletjie.
Sê die volgende rympie ritmies: “Daar is ‘n vuur op die berg, hardloop, hardloop, hardloop. Daar’s ‘n vuur op die berg, hardloop, hardloop, hardloop...”
Terwyl jy die rympie opsê, hardloop die kinders willekeurig, om jou rond.
Roep skielik uit: “Bou ‘n huis! Bou ‘n huis! Wie bou vir ons ‘n huis?”
Die kinders moet dan so vinnig as moontlik twee-twee voor mekaar gaan staan, met hulle arms opwaards, voor hulle uitgestrek, met hulle vingerpunte wat aanmekaar raak, sodat hulle arms ‘n dak vorm.
‘n Derde kind moet dan tussen hulle, onder hulle arms gaan staan (in die huis).
Nadat julle dit ‘n paar maal gespeel het, kan jy sê, terwyl hulle so staan: “Wie bou vir ons ‘n huis? Jesus!”
Speel nou weer die speletjie.
Vra elke nou en dan: “Wie bou vir ons ‘n huis?”
Probeer lank genoeg aanhou dat hulle begin om spontaan die antwoord uit te roep, naamlik: “Jesus!”.
Elke keer as hulle sê *Jesus*, bevestig jy dit deur hardop te sê: “Hy kry ons blyplek gereed.”

Bid saam met hulle.
Vra eers: “Wat doen Jesus op die oomblik in die hemel?” Hy maak ons blyplek gereed.
Vra of een van hulle bereid is om vir Jesus dankie te sê dat Hy besig is om vir ons ‘n blyplek te maak.
Sluit dan af deur ook dankie te sê daarvoor.



**Jon. 14: 2**

Jesus sê: “ In My Vader se huis is daar baie plek om te bly.

Ek gaan om dit vir julle gereed te kry.”

Les 22



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 24**
**Kinderbybel bladsy 366 en 367**
(Hierdie les gaan ons weer by lesse 27 en 29 betrek)

Benodigdhede ‘n Vlam vir elkeen se kop.
Les 18 se prent van die gordyn wat skeur.
Les 19 se plakkaat van Joh. 11: 25&26.
Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie plakkaak.

Onthou julle wat Jesus belowe het?
Blaai na bl. 365 en lees vanaf *Toe het Hy vir hulle gesê om reguit terug te gaan...*
tot by *Julle sal krag ontvang wanneer die Heilie Gees oor julle kom.*
Jesus het belowe om die Heilige Gees te stuur.
Verduidelik vir hulle dat dit is waaroor vandag se Bybelverhaal gaan.

Vlamme op die kop.
Aan die einde van die les is ‘n kopband, met ‘n vlam.
Maak ‘n afskrif vir elk en knip dit uit.
Kleur die vlam geel in of gebruik geel papier.
‘n A4 lengte papier is te klein om om ‘n kop the gaan, so jy sal vir elkeen ‘n strook papier moet byvoeg.
Die idee is dat elkeen ‘n kopband op die kop moet sit, sodat dit soos ‘n vlam lyk.

3. Die Heilige Gees word uitgestort.
Laat elkeen sy vlam op sy kop sit.
Maak julle Kinderbybels oop op bl.366
Lees vanaf *Die Helper* tot aan die onderkant van bl. 367.

4. Die geskeurede gordyn in die tempel.
Wys vir hulle weer les 18 se prent van die geskeure gordyn in die tempel.
Kan hulle nog onthou wat dit beteken?
Die outydse kerk waar mense bymekaar gekom het, is ‘n tempel genoem.
Binne-in die tempel was daar ‘n gordyn wat die tempel in 2 dele verdeel het.
Die gordyn het gewys dat God nie naby ons kon kom nie.
Die oomblik toe Jesus doodgegaan het, het die gordyn geskeur.
Dit beteken dat God het ons sonde weggeneem.
God kon nou weer naby ons kom nie, sonder dat ons doodgaan.


Jesus se Gees bly saam met ons in ons lyfies.
Wys vir hulle les 19 se plakkaat van Joh. 11: 25&26.
Onthou hulle nog dat elkeen van ons ‘n vleiskassie het waarin ons woon?
Ons vleiskassies gaan eendag doodgaan, maar ons gaan aanhou lewe.
Wys nou vir hulle die *Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie* plakkaak.
Jesus het ook ‘n vleiskassie gehad waarin hy op Aarde gewoon het.
Toe die Heilige Gees uitgestort is, het Hy saam met ons in ons lyfies kom bly.


Bid saam.
Vra vir die kinders of daar 3 van hulle is wat bereid is om elkeen 1 sin te bid.
Gee dan vir elkeen een van die volgende sinne:
Sin 1: Jesus, dankie dat U vir ons doodgegaan het.


Sin 2: Jesus, dankie dat U saam met ons in ons lyfies bly.
Sin 3: Jesus, help ons om altyd vir U hulp te vra om die regte dinge te doen.

Sluit af met die volgende gebed:
Here, baie dankie dat ons vandag oor die uitstorting van die Heilige Gees kon dink.
Dankie dat ons vandag kon besef dat U saam met ons in ons lyfies bly.
U is ons helper.
Amen.

**Kleur die vlam in.**
**Knip dit uit.**
**Plak punt A en B aanmekaar vas.**
**Sit die vlam op jou kop.**







Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou

# Les 23



Kleur die prent mooi in.

**Les 25**
**Kinderbybel bladsy 368 en 369**

Benodigdhede Les 24 se *Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie* plakkaak.
Aktiwiteitsbald aan die einde van die les.
(Maak ‘n afskrif vir elke kind.)

Die dissipels is nou braaf.
Laat almal hulle Kinderbybels op bl. 326 en bl. 368 oommaak.
Onthou die kinders nog wat dit beteken om braaf te wees? *Dit beteken om iets te doen, al is jy bang.*
Kan hulle nog ‘n paar voorbeelde onthou?
Jy stap in die donker gang af al is jy bang.
Jy groet iemand al lyk hulle kwaai en groet jou nie terug nie.
Jy sê vir Pappa of Mamma as jy stout was, al is jy bang om in die moeilikheid te beland.
Jy sê vir ‘n kind wat lelik is met ‘n ander kind om op te hou, al is jy bang hy gaan vir jou iets lelik sê of jou boks.
Kyk saam met die kinders na bl. 326.
Kan hulle nog onthou? Was die dissiples hier braaf gewees?
Lees vanaf *Jesus en Sy dissipels het die berg...* tot by *Julle gaan vannag almal weghardloop.*
Die dissipels was nie braaf nie. Hulle het weggehardloop en Petrus het 3 keer gesê dat hy nie vir Jesus ken nie.
Lees bl. 368&369 saam met die kinders.
Verduidelik dat jy hulle na die tyd gaan vra of die dissipels hierdie keer braaf was.
Die dissiples was nou braaf.
Hierdie keer het die dissipels nie weggehardloop nie.
Hulle was seker baie bang toe hulle in die tronk gegooi is, want hulle het gesien wat met Jesus gebeur het.
Maar waanneer die godsdiensleiers vir hulle sê om nie meer oor Jesus te praat nie, was hulle braaf en het gesê dat hulle eerder na God luister as na mense.
Waarom kon hulle nou braaf wees? Wat het verander?
Wys vir hulle laas week se *Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie* plakkaat.
Omdat Jesus se Gees nou saam met hulle in hulle lyfies gebly het.

Geloofsverklaring.
Laat die kinders regop staan en die volgende, ‘n paar maal, hardop sê:

*Jesus se Gees bly saam met my in my lyfie. Hy maak my braaf!*

Hulle kan begin deur hulle hande langs hulle sye te hou.
Laat hulle dan hulle hande teen hulle bors saam vou, terwyl hulle sê: Jesus se Gees bly saam met my in my lyfie.
Laat hulle hulle spiere bult terwyl hulle sê: Hy maak my braaf!

3. Bid saam:Bid saam.
Vra vir die kinders of daar 2 van hulle is wat bereid is om elkeen 1 sin te bid.
Gee dan vir elkeen een van die volgende sinne:
Sin 1: Jesus, dankie dat U saam met ons in ons lyfies bly.
Sin 2: Jesus, dankie dat U ons braaf maak.

Sluit af met die volgende gebed:
Here, baie dankie dat ons vandag kon sien hoe braaf U dissipels geraak het, nadat U saam met hulle in hulle lyfies gaan bly het.
Dankie dat U ook saam met ons in ons lyfies bly.
Dankie dat U ons help om braaf te wees.
Amen.

4. Aktiwiteitsblad.
Aan die einde van die les is ‘n aktiwiteitsblad waar die kinders woorde met mekaar verbind.
As daar nog tyd oor is, kan jy vir elkeen een gee om te voltooi en in te kleur.

**Watter woorde hoort bymekaar?**
**Vir elke woord in die linker kolom, is daar 'n woord in die regter kolom.**
**Verbind hulle met 'n potloodstreep.**
**Die eerste een is vir jou gedoen.**

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| bene | gesond |
| gespring | geld |
| Petrus | loop |
| Heilige | Messias |
| bedelaar | Gees |
| Jesus | Johannes |
| kreupel | gedans |

Les 24



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 26**
**Hersiening**

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Gaan weer deur les 22 - 25.

Onthou dat ons aan die einde van die jaar al die verhale wil ken en kan oorvertel.
Oefen dus ook weer die vorige hersieningslesse se verhale.

Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.

Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 360 tot 369 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.

5. Doen weer van die aktiwiteite of speel van die speletjies waarvan die kinders die meeste gehou het.

Les 21




Les 22



Les 23



Les 24



**Les 27**
**Kinderbybel bladsy 372 en 373**

Benodigdhede Les 14 se Matt. 5: 44 plakkaat.
A4 papiertjies as gebedslyste, soos in les 14 uitgedeel, vir die wat nog nie gekry het nie of hulle s'n verloor het.
Aktiwiteitsbald aan die einde van die les.
(Maak 'n afskrif vir elke kind.)

Laat die kinders hulle Bybels by bl. 372 oopmaak.
Lees die verhaal saam met die kinders.
Sê vir hulle dat jy na die tyd gaan kyk wie van hulle dit kan oorveterl.
Gee geleentheid om te kyk of daar van hulle is wat dit kan oorvertel.

2. Mense hou nie altyd van ons nie.
Vra vir hulle of hulle geweet het dat daar mense is wat nie van kinders van God hou nie.
Indien die kinders volwasse genoeg is, kan jy dit met hulle bespreek deur te vra waarom hulle dink dit so is.

3. Wat doen ons met mense wat nie van ons hou nie?
Vra vir hulle of hulle nog kan onthou wat 'n mens met mense doen wat nie van jou hou nie.
Verwys na les 14 se Matt. 5: 44 plakkaat.
Kan hulle nog onthou hoe Jesus Sy vyande lief gehad het?
Blaai saam met hulle na bl. 330.
Jesus was nie lelik met Sy vyande nie.
Toe hulle kom vang, het Petrus een se oor afgekap.
Jesus het dadelik vir hom gesê om op te hou.
Hy het liefde aan sy vyande bewys, deur die afgekapte oor op te tel, terug te sit en gesond te maak.
Stefanus het ook soos Jesus gemaak.
Lees vir hulle Stefanus se laaste woorde aan die einde van bl. 373: "Here, vergewe hierdie mense!"
Stefanus bid vir die mense wat besig is om hom dood te maak.

4. Bid vir jou vyande.
Wie van hulle se gebedslyste is nog in hulle Bybels?
Onthou hulle nog om dit te gebruik?
Deel A5 papiertjies uit aan die wat nog nie gekry het nie of hulle s'n verloor het.
Herinner hulle dat ons mense wat lelik en onbeskof is met ons, en ons seermaak, se name op die gebedslys skryf.
Elke aand voor ons gaan slaap, lees ons een van die name en bid dan mooi dinge vir die persoon.
Dinge soos:
Dat hulle Jesus sal leer ken as hulle hom nog nie ken nie.
Dat hulle mooi verhoudings met hulle Mamma, Pappa en boeties en sussies sal hê.
Dat hulle mooi verhoudings met hulle maats sal hê.
Dat dit goed met hulle by die skool sal gaan.
Laat hulle nou oefen om dit te doen.
Vra hulle om hulle oë toe te maak.
Laat hulle aan een persoon op hulle gebedslys dink.
Verduidelik dat jy nou elke keer vir hulle een van die dinge gaan noem waarvoor hulle vir hierdie persoon moet bid.

Lees dan elke keer een ding waarvoor hulle moet bid en gee dan kans dat elkeen dit in sy gedagtes doen.
Laat hulle nou hulle gebedslyste voor in hulle Kinderbybels bêre.
Herinner hulle om elke aand vir een persoon op die gebedslys te bid - hulle kan vir Mamma en Pappa vra om hulle te help.

5. Omkring die regte letters met ‘n potlood.
Op die volgende bladsy is ‘n aktiwiteitsblad.
Indien daar nog tyd is en dit is die tipe aktiwiteit wat die kinders in die groep sal geniet, kan jy vir elkeen ‘n afdruk gee.

**Hier is drie vrae.**
**Die antwoorde is in die blok met letters versteek.**
**Kyk of jy die antwoorde kan kry deur die regte letters met 'n potlood te omkring.**

**1. Hulle het vir St...... uit die stad gesleep en hom met klippe gegooi.**
**2. Stefanus het op sy knieë geval en uitgeroep: "Here, J...., ontvang my gees!"**
**3. Hy het 'n he....... vir Jesus gesterf, 'n man vol moed en wysheid.**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | S | T | E | F | A | N | U | S | X |
| A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
| S | L | A | A | P | S | A | K | K | E |
| A | B | J | E | S | U | S | A | B | C |
| M | O | T | O | R | F | I | E | T | S |
| J | I | H | G | F | E | D | C | B | A |
| H | E | L | D | E | D | O | O | D | G |

Les 26



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 28**
**Kinderbybel bladsy 376 tot 379**

Benodigdhede ‘n Stoel wat sterk genoeg is dat ‘n kind daarop kan staan.
‘n Lap.
Verskillende kos (dalk verskillende vrugte).
Aktiwiteitsbald aan die einde van die les.
(Maak ‘n afskrif vir elke kind.)


Laat elkeen sy Kinderbybel op bl. 376 oopmaak.
Bl. 376 - 379 is ‘n baie lang gedeelte om te lees. Pas by jou betrokke groep aan. Indien hulle nog baie klein is en/of nie lank kan konsentreer nie, vertel dan eerder die verhaal as om dit te lees. Jy kan dit ook in stukke opdeel en elkeen ‘n geleentheid gee om ‘n gedeelte te lees.

Ek is belangriker as jy.
Gee vir elke kind ‘n kans om op ‘n stoel te staan, af te kyk na die ander kinders en dan te sê: “Ek is belangriker as julle.”
Vra daarna of dit waar is dat sekere mense belangriker is as ander.
Verduidelik dat God se volk ongelukkig op ‘n stadium so gedink het.
Dit was baie hartseer dat hulle so gedink het.
God het hulle gemaak, sodat hulle vir die ander volke kon wys hoe kinders van God behoort te leef - vol liefde vir mekaar.
Maar ongelukkig het hulle gedink hulle is beter as ander.

Jesus leer sy volk dat almal ewe belangrik is.
Sit verskillende soort kos in ‘n lap en vou dit toe.
Verduidelik dat daar seker soorte kos was wat die Jode nie mag geëet het nie.
Herinner hulle dat Petrus gedroom het dat daar ‘n doek uit die hemel afsak, met kos in wat hy nie mag eet nie.
In die droom sê Jesus dan vir hom om daarvan te eet.
Lees weer vir hulle die laaste 3 sinne op bl. 377.
Die droom het nie regtig oor die kos gegaan nie, maar oor die mense wat die Jode gesê het onrein is.
So leer Jesus dan vir Petrus en die ander kinders van God, dat niemand te vuil of onbelangrik is vir God nie - almal is ewe belangrik.

4. Help vir Petrus om by Kornelius se huis uit te kom.
Op die volgende bladsy is ‘n aktiwiteitsblad.
Indien daar nog tyd is en dit is die tipe aktiwiteit wat die kinders in die groep sal geniet, kan jy vir elkeen ‘n afdruk gee.

**Help vir Petrus om by Kornelius se huis uit te kom.**



**Trek 'n streep met jou potlood om vir hom die regte pad te wys.**

# Les 27





Kleur die prent mooi in.

**Les 29**
**Kinderbybel bladsy 374, 375 en 383**

Benodigdhede Aktiwiteitsbald aan die einde van die les.
(Maak ‘n afskrif vir elke kind.)
Flits.

Speletjie - Toe skyn die lig.
Sê vir die kinders dat julle nou ‘n speletjie gaan speel en dat jy, nadat julle vandag se Bybelverhaal gelees en bespreek het, gaan vra wat die speletjie met die Bybelverhaal te doen het.
Laat die kinders, agtermekaar, in ‘n reguitlyn stap.
Skakel die flits vir ‘n oomblik aan en dan weer af.
Elke keer as die flitslig brand, moet hulle $180^0$ omdraai en in die teenoorgestelde rigting stap.
Skakel die flits ‘n paar maal aan en af.
Indien dit baie lig is, moet jy die kinders sê om die flits dop te hou, sodat hulle kan sien wanneer die flits aangaan.

2. Niemand is ooit te sleg vir Jesus nie.
Vra vir die kinders wat hulle dink baie groot sondes is.
Is daar sondes wat kan maak dat ‘n mens nie meer ‘n kind van God mag wees nie?
Wat van moordenaars?
Sê vir hulle dat julle vandag van ‘n moordenaar gaan lees.

3. Saulus raak Paulus
Laat die kinders hulle Kinderbybels op bl. 374 en 383 oopmaak.
Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vra wat hulle van die verhale onthou.
Lees/vertel die verhale vir die kinders - laat die kinders help lees as hulle oud genoeg is.
Vra die kinders om oor te vertel wat hulle gehoor het.
Saulus, wat later Paulus geraak het, was by toe die mense vir Stefanus doodgemaak het.
Hy het daarmee saamgestem en daarna het God se kinders laat vang en baie seer laat maak.
Ten spyte van die slegte dinge wat hy gedoen het, maak God hom een van Sy kinders.
Paulus is baie bly en dankbaar daaroor. Hy gaan vertel dit vir almal! Op die ou end word hy ook seergemaak omdat hy ‘n kind van God is, maar hy gee nie om nie. Hy sê dat hy bly is dat hy vir Jesus kan swaarkry.

Wat het die speletjie met die Bybelverhaal te doen?
Die flits verwys na die lig wat uit die hemel geskyn het.
Die omdraai en in die ander rigting stap wys na Saulus/Paulus wie se lewe deur Jesus verander is. Voorheen het hy teen Jesus geveg en daarna was hy een van Jesus se volgelinge.

5. Voltooi die sinne.
Op die volgende bladsy is ‘n aktiwiteitsblad.
Indien daar nog tyd is en dit is die tipe aktiwiteit wat die kinders in die groep sal geniet, kan jy vir elkeen ‘n afdruk gee.

**Lees die sinne wat hier onder geskryf staan.**
**Daar is 'n paar woorde uitgelos.**
**Vul hulle in.**
**Die antwoorde is op bladsy 374 in die Kinderbybel.**

**Skielik het daar 'n .................. uit die hemel op hom gestraal.**

**Saulus het op die grong geval. Hy het 'n ................. gehoor wat vir hom sê: “Saul, Saul, waarom ...................................... jy My?”**

**“................ is U Here?”**

**“Ek is ............................... van Nasaret.**

**Deur dit met My volgelinge te doen,**

**.................................... jy My.**

# Les 28



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 30**
**Kinderbybel bladsy 397&398**

Benodigdhede ‘n Afskrif van die *Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie* plakkaak aan die einde van die les.
Knip die Jesus-en-jy gedeelte uit.
Wondergom.
Blinddoek.

Wys vir die kinders die prentjie bl. 397&398.
Verduidelik aan die kinders dat Jesus vir Johannes, een van Sy dissipels, prentjies van Jesus in die hemel laat sien het.
Lees vir die kinders Op. 1: 12 - 16.
Vertel verder dat Johannes baie groot geskrik het en op die grond geval het toe dit sien.
Jesus het vir hom gesê dat hy nie bang hoef te wees nie.


Iemand wat jy baie goed ken, is eintlik baie bekend en belangrik!
Kies 2 kinders om jou te help.
Die een is die pa en die ander die kind.
Almal moet weet dat die een die pa is en die ander een die kind.
Laat hulle ‘n ent van julle af wegstaan.
Sê vir die res van die kinders dat hulle moet maak as of die pa ‘n bekende filmster is.
Laat die pa en kind nader stap.
Wanneer hulle by die groep aankom, moet die res van die kinders jubel en juig, die pa se hand skut en vir hom vir sy handtekening vra.
Vra vir die kinders of dit al met hulle gebeur het, dat iemand wat hulle baie goed ken, eintlik baie bekend en belangrik is.
Hulle het dit dalk nooit geweet nie en dan een dag besef hulle dit.
Sê byvoorbeeld dis hulle pa. Dan is hulle soos: “Wat?! Is my pa so bekend? Weet almal wie my pa is? Dis dan net my pa. Hoe weet almal dan wie hy is?”

Ons ken die koning van die heelal.
Vra vir die kinders om hulle oë toe te maak.
Hulle moet hulle verbeel hulle is in ‘n ruimtetuig wat deur die ruimte vaar.
Gee vir hulle kans om vir jou te sê hoe die sterre en planete lyk wat hulle sien.
Terwyl hulle steeds hulle oë toehou, vra jy vir hulle of hulle weet watter groot koning dat alles gemaak het.
Wanneer hulle ja sê, moet jy maak of jy mal word van opwinding. Sê goed soos: “Wat?! Ken julle die koining wat alles gemaak het! Kan julle sy handtekening vir my kry asseblief! Ek kan nie glo julle ken hom nie! Dis so wow!”

Hierdie wow koning is ons vriend en leef saam met ons in ons lyfies.
Wys vir hulle weer les 24 se *Jesus se Gees, die Heilige Gees, bly saam met jou in jou lyfie* plakkaak.
Help hulle om te besef dat hierdie belangrike en bekende koning iemand is wat ons baie goed ken.
Ons ken Hom so goed dat hy elkeen van ons Sy vriend noem.
Maar dis baie meer as dit! Ons vriend, die koning wat alles gemaak het, bly saam met ons lyfies.
Hy loop elke dag saam met ons rond en ons kan die heeltyd, enige tyd met Hom gesels.

Vasleggingsaktiwiteit.

Aan die einde van die les is les 24 se plakkaat, maar dit is effens verander. Die prentjie van Jesus-en-jy is nie in die lyfie, maar langsaan.
Maak ‘n afksrif en knip die Jesus-en-jy prentjie uit.
Plaas ‘n stukkie wondergom agter op die Jesus-en-jy prentjie.
Maak beurte om die kinders te blinkdoek en kyk wie kan die Jesus-en-jy prentjie so na as moontlik in die lyfie (op die regte plek) plak.



# Les 29



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 31**
**Hersiening**

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Gaan weer deur les 27 - 30.
Onthou dat ons aan die einde van die jaar al die verhale wil ken en kan oorvertel.
Oefen dus ook weer die vorige hersieningslesse se verhale.

Kyk of die kinders nog vestaan waarom die seuntjie en dogtertjie oor die Bybel dink.

Blaai deur die Bybelverhale vanaf bl. 372 tot 397 en kyk of hulle die verhale kan oorvertel deur slegs na die prente te kyk.

6. Kyk hoeveel van die jaar se Bybelverhale hulle kan onthou.

Les 26



Les 27



Les 28



Les 29

